

Ons Koning is die Herder wat reg laat geskied (Eseg 34:16c)

Woordbediening: Esegïel 34:17-31

Ons bly vanoggend by die algemene oorsig oor hierdie hoofstuk. **Ons het verlede Sondag gehoor hoe** die HERE te werk gaan om reg te laat geskied aan sy platgeslane volk om hulle weer op te bou.

- Hy maak 'n einde aan die herders (regeerders) se heerskappy en uitbuiting (34:8). Dit verwys na wegvoering in ballingskap, maar uiteindelik ook na Christus se oorwinning oor alle magte (Kol 2:13-15).
- Hy versamel sy kudde uit alle lande (34:13). Dit verwys na die terugbring uit ballingskap, maar uiteindelik ook na versameling van sy kerk deur die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus (Hand 2).
- Hy gee besondere sorg en aandag aan elkeen volgens behoefte (34:16). Hy doen dit deur sy Woord en Gees en genadegawes in die gemeente (Ef 4:11,12).

Die res van die hoofstuk verduidelik verder hoe Hy reg laat geskied.

Deur sy oordeel oor die kudde self (v 17-22)

Dis nie net die regeerders wat gestraf word nie. Ook “*die vettes en die sterkes sal Ek verdelg*”(34:16c) Onder die volk self is daar die “skaapramme” en die “bokramme” wat die ander se weiding vertrap en hulle drinkwater modderig maak. Dan is daar ook nog die “vet skape” wat die “maer skape” uit die pad stamp. God sien die nood van die armes en swakkes raak en veroordeel die mense wat hulle voorregte en krag ten koste van ander misbruik.

Deur die een Herder wat Hy aanstel (v 23-31)

Hy word hier “*my kneg Dawid*” genoem. Hierdie belofte gaan sover terug as 2 Sam 7:12-14 en verwys na die koms van beloofde Messias, die “seun van Dawid”(v 23-24), Jesus Christus.

Sy herderskap sal berus op “*'n verbond van vrede*” wat God met die volk sal oprig. Hierdie “vrede” verwys na die versoening wat Christus aan die kruis sou bewerk deur sy versoeningsoffer wat vir alle mense hoop gee (v 25).

Die voordele wat sy herderskap inhou vir die wat Hy versamel en versorg – (1)veiligheid en (2)oorvloed van geestelike seëninge (v 26-31).

Deur sy onderwerping aan die wil van God het Jesus uitvoering gegee aan die vestiging van Sy Herderskap oor die kudde van God. Deur in Hom te glo het ons sekerheid dat God by ons is (34:31).